**Kruiskerk.co.za**

***Aanlyn Erediens op die Zoom toepassing***

***22 JANUARIE 2023***

***info@Kruiskerk.co.za***

Skriflesing : Matteus 4: 12-23
Tema : Was die eerste dissipels 'n kwessie van "follows en likes"?

## Broodjies vir die Pad

**"The place God calls us to is the place where your deep gladness and the world's deep hunger meet."**
*— Frederick Buechner*

**"While food makes us live, stories are what make our lives worth living."**
**—** *Richard Kearney,* On Stories

**"Destroy my desires, eradicate my ideals, show me something better, and I will follow you."**
**—** *Fyodor Dostoevsky*

**"Authenticity is the daily practice of letting go of who we think we're supposed to be and embracing who we are. Choosing authenticity means vulnerable; exercising the cultivating the courage to be imperfect, to set boundaries, and to allow ourselves to be compassion that comes frowing that we are all made of strength and struggle; and nurturing the connection and sense of belonging that can happen when we believe that we are enough. Authenticity demands wholehearted living and loving—even when it's hard, even when we're wrestling with the shame and fear of not being good enough, and especially when the joy is so intense that we're afraid to let ourselves feel it. Mindfully practicing authenticity during our most soul-searching struggles is how we invite grace, joy, and gratitude into our lives."**
**—** *Brené Brown*, The Gifts of Imperfection: Let Go of

**"That Christian faith is about belief is a rather odd notion,when you think about it. It suggests that what God really cares about is the beliefs in our heads— as if "believing the right things" is what God is most looking for, as if having "correct beliefs" is what will save us. And if you have "incorrect beliefs," you may be in trouble. It's remarkable to think that God cares so much about "beliefs."Moreover, when you think about it, faith as belief is relatively impotent, relatively powerless. You can believe all the right things and still be in bondage. You can believe all the right things and still be miserable. You can believe all the right things and still be relatively unchanged. Believing a set of claims to be true has very little transforming power."**
*Marcus J. Bo*eart of Christianity: Rediscovering a Life of Faith

**Verhaal - Elisabeth Eybers**

'n Vrou het stil geword van baie wag:
die aarde het gegly deur die spiraal
van dag na nag, was beurtelings groen en vaal,
en sy het soms gehuil en soms gelag.
Ook was sy dikwels wakker in die nag,
maar sy het in haar wonings en op straat
gewoon gehandel en gewoon gepraat
*en niemand het geweet hoedat sy wag.*
*Verlange word aanvaarding, langsaamaan,*
*want wag is beurtelings hoop en wanhoop, tot*
*die twee versmelt en stilte alleen bestaan.*
*En deur die jare het sy self die slot*
*van die verhaal geword: haar stilte en krag*
*was skoner as die ding waarop sy wag.*

**Anatheism: Returning to God After God**
*Richard Kearney*
**Has the passing of the old God paved the way for a new kind of religious project, a more responsible way to seek, sound,and love the things we all divine? Has the suspension of dogmatic certainties and presumptions opened a space in which we can encounter religious wonder anew? Situated at the split between theism and atheism, we now have the opportunity to respond in deeper, freer ways to things we cannot fathom or prove. Distinguished philosopher Richard Kearney calls this condition ana-theos, or God after God-a moment of creative"not knowing" that signifies a break with former sureties and invites us to forge new meanings from the most ancient of wisdoms. Anatheism refers to an inaugural event that lies at the heart of every great religion, a wager between hospitality and hostility to the stranger, the other--the sense of something "more." By analyzing the roots of our own anatheistic moment, Kearney shows not only how a return to God is possible for those who seek it but also how a morel liberating faith can be born. Kearney begins by locating a turn toward sacred secularity in contemporary philosophy, focusing on Maurice Merleau-Ponty and Paul Ricoeur. He then marks "epiphanies" in the modernist masterpieces of James Joyce, Marcel Proust, and Virginia Woolf. Kearney concludes with a discussion of the role of theism and atheism in conflict and peace, confronting the distinction between sacramental and sacrificial belief or the God who gives life and the God who takes it away. Accepting that we can never be sure about God, he argues, is the only way to rediscover a hidden holiness in life and to reclaim an everyday divinity"To learn to see- to accustom the eye to calmness, to patience, and to allow things to come up to it; to defer judgment, and to acquire the habit of approaching and grasping an individual case from all sides. This is the first preparatory schooling of intellectuality. One must not respond immediately to a stimulus; one must acquire a command of the obstructing and isolating instincts."**
— *Friedrich Nietzsche*, Twilight of the Idols

**HERMAN LATEGAN:**
**ONS IS LEGENDARIES LUI IN DIE MANIER WAT ONS PRAAT**
Netwerk24

’n Goeie woord vind ’n goeie plaas. – Wat praat jy! Afrikaanse idiome, gesegdes en vaste uitdrukkings met verklarings. (Saamgestel deur Johanna de Wet.)

Dit is altyd ’n plesier om nuwe woorde te ontdek of ou woorde en idiome te gebruik.

Onlangs vertel ’n vriendin haar dogter het toe hulle op die platteland gewoon het op ’n warm dag soms ’n plaaspanty gedra.

Noudat hulle in die Kaap woon, is dit natuurlik buite die kwessie, maar wat ’n lekker woord. Dan is daar die sêding “iemand se plaas het deur sy keel gegaan”. Hy het dus sy plaas verloor omdat hy te veel gedrink het.

Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) vertel vir dronk wees bestaan daar in Afrikaans ’n menigte sinonieme uitdrukkings, meestal skertsende en soms verbloemend van aard.

Hier is ’n paar: hoog veertien; lekkerlyf; hy ry die druiwekar; hy jaag skapies aan; hy werk met die kromhout; en hy het ’n wingerdblaar (druiweblaar) in (deur) sy kuif.

’n Afrikaanse teksversorger vertel my anderdag sy raadpleeg nie meer die WAT nie, dit is te outyds. Regtig? Die WAT is aanlyn.

Hulle werk deurentyd daaraan om nuwe woorde by te voeg. Soms werk hulle ’n hele maand aan net een woord.

Wat van clichés? Kom ons kyk na die woord legende. Die afgestorwene se rokie trek nog nie deur die skoorsteen by die krematorium uit nie, dan is hulle legendaries.

Die eindelose gebruik van dié woord is bloot lui joernalistiek. Gebruik mense nie meer ’n tesourus nie?

Ook: As iemand bekend is, is dit mos nie nodig om bekende voor die persoon se naam te sit nie. Die Engelse is ook lief om te skryf oor byvoorbeeld a well-known and legendary television personality. Hoe ’n sogenaamde TV-persoonlikheid legendaries kan wees sal net die jansalieagtige persoon wat die woord geskryf het seker weet.

Daar is vele ander terme wat gebruik kan word, maar gaan soek self daarvoor. Daar is oral woordeboeke. Afrikaans het soveel mooi woorde en sinonieme wat glad nie meer gebruik word nie dat dit besig is om steriel te word.

Kom iemand met ’n neologisme vorendag, word die woord met agterdog bejeën, so asof die woord buite die kraal moet bly. Potgooi is ’n voorbeeld.

'n Mens buig die knie vir mense soos Jana Luther, ’n leksikograaf en teksredakteur, met haar aanlyn Woordeboek van Afrikaans vandag. Sy werk onophoudelik aan neologismes. Ek kies sommer een wat by my aanklank vind: leedmagneet s.nw. | (informeel) iemand van wie daar gesê kan word dat hy/sy as ’t ware ongelukke en rampe na hom/haar aantrek: › (Johann de Lange, Facebook, 28 November 2020). SINONIEM(E): ongeluksvoël ENGELS: unlucky person.

Dankie tog daar is digters wat speels met woorde omgaan sonder dat die taaltroepe hulle teen dagbreek teregstel. In ’n gedig van Sheila Cussons praat sy van ’n pou se “blombont vereveld”. Breyten Breytenbach skryf oor die “lugoë” van sy ma en die “kieliekele” van hane.

Hoe mooi is die taal nie – al grom ons soms vir mekaar.

**BROOD VIR DIE PAD**

**GEESTELIKE WAARDES: IERSE ROLPRENT WYS HOE VERHOUDINGE GOU KAN ONTAARD**

In Martin McDonagh se bekroonde rolprent The Banshees of Inisherin sê Colm Doherty (gespeel deur Brendan Gleeson) in ’n stadium vir Pádraic Súilleabháin: “I don’t like ya no more.”

Pádriac – vertolk deur Colin Farrell (wat pas daarvoor ’n Golden Globe-prys ontvang het) – kan nie verstaan hoekom sy jare lange vriend en drinkebroer nou ewe skielik so afsydig is nie. Hulle deel immers lank reeds hul alledaagse stories met mekaar op die klein eiland naby die Ierse kus waar hulle woon.

Dit is die jaar 1923, en die burgeroorlog wat in Ierland woed, speel nou op ’n mikrovlak uit in die wyse waarop hul verhouding spoedig ontaard. Die koue afsydigheid van Colm (’n goeie violspeler in sy laat 50’s) en die lomp pogings tot toenadering van die 35-jarige Pádriac (’n gemoedelike figuur, maar dalk nie die skerpste potlood in die pakkie nie) slaan mettertyd oor in openlike konflik en dade van vergelding.

Sonder om te veel oor die storielyn te verklap, kan genoem word dat Colm dreig dat as Pádriac hom nie gaan uitlos nie, hy sy eie vingers een vir een sal afsny. Colm doen dit dan ook – eers sy wysvinger en dan al sy vingers. Waarom, sou ons kon vra, dié grusame gebaar?

Die Ierse filosoof Richard Kearney vra dikwels in sy werk aandag vir wat hy “carnal hermeneutics” noem. Hiermee bedoel hy die soort interpretasie wat nie net op woorde nie, maar ook op liggaamlike houdinge en vleeslike gebare let.

Kearney is byvoorbeeld geïnteresseer in die morele krag van gebare soos ’n handdruk in prosesse van versoening. Hy is deeglik bewus dat sulke sintuiglike gebare kultureel-bepaald is en soms ook as ’n slinkse strategie kan dien. Maar tog deel hy Marina Warner se uitspraak: “Civilization begins with a handshake.” Deur die ander só die hand te reik, wys jy immers dat jy nie met ’n swaard in die hand kom nie, maar in vrede.

Colm se gebaar om sy vingers af te sny kan teen hierdie agtergrond as ’n daad van anti-gasvryheid of anti-inkarnasie gesien word. In plaas daarvan om na die ander ’n hand uit te strek, sny ek my vingers af as letterlike teken van my (liggaamlike) onttrekking aan die verhouding. En in The Ban-shees of Inisherin sien ons hoe kort die pad is van afsnyding en afskeiding na gemeenheid en geweld.

Maar dalk kan dié rolprent ons ook ’n sterker aanvoeling gee vir die sleutelrol wat klein gebare van sorg en medemenslikheid wel kan speel op die – weliswaar langer – pad na die herstel en heling van ontaarde verhoudinge. –

Netwerk24 RRV

**wynandgnel@outlook.com 082 901 5877**